Harvesters Ministries
Opening the Way

Augustus 2024





NE0824_AF email

# Madrid – Opnuut Aangevuur om Dissipels te Maak

Harvesters se Dissipelmakers opleiding het onlangs 'n beduidende impak gemaak in die lewens van gelowiges in Madrid, Spanje. Deelnemers is geïnspireer om hul ware roeping as Christene te herontdek. Dit is die roeping om die Groot Opdrag na te kom. Hierdie toegewyde gelowiges is opnuut aangevuur met 'n passie om regoor Spanje dissipels te maak.

Die visie van Antonio Amigo en sy kerk het nou 'n hernieude fokus op die Groot Opdrag. Ten spyte van 'n geskiedenis van kerkplanting, het 'n oordrewe fokus op hul huidige gebou en gevolglike skuld die "visie, die verlange na groei vervaag."

Maar nou is Amigo se visie uitgebrei. Hy en ander deelnemers is daaraan herinner dat 'n kerk op enige plek begin kan word – onbelemmerd deur begrotings of geboue.

Leraar Luigi Ramirez het ook eerstehands ervaar dat jy 'n kerk waarookal begin ... jy kan kerk wees waar ook al. "[Jy het nie] 'n rigiede struktuur of finansiële administrasie nodig om 'n kerk te begin nie."


Luigi en sy vrou het hul bediening op 'n onkonvensionele plek begin deur by Burger King 'n roomys en, daarmee saam, die Evangelie met ander te deel. Hulle het dit die "verlossingsroomys" genoem. Deur die genade van God het hul bediening gegroei, en het hulle drie kerke geplant – waarvan een steeds in Burger King is. Harvesters se Dissipelmakers opleiding sal die Ramirez'e in staat stel om hul bediening te laat groei deur nuwe gelowiges te dissipeleer.

Dissipelmakers fokus op die fundamentele beginsels van die Evangelie. Volgens Josua Avila, een van die deelnemers, sal hierdie toerusting sy kerk verenig met 'n "enkelvoudige visie: om mense daartoe te lei om Jesus as hul Heer en Redder te aanvaar."

Deur die passie vir evangelisasie en dissipelskap opnuut aan te vuur, baan Dissipelmakers die weg vir die uitdra van die Evangelie in Madrid en selfs verder.








## Ook in hierdie uitgawe:

2 Wat my Bybel vir my Beteken

4 Die Visie van 'n Blinde Man

# WAT MY BYBEL VIR MY BETEKEN

In gemeenskappe waar Bybels skaars is, het die Woord van God, as geskenk, transformerende krag. Danksy die ruim ondersteuning van ons vennote, en deur die "First Church, First Bible" program saam met Biblica, kan Harvesters Ministries Bybels aflewer by ons nuut geplante kerke. Hierdie Bybels bied aan gelowiges 'n geleentheid om vir die eerste keer die Skrif in hul eie taal te ontdek.

Hierdie persoonlike getuienisse gee 'n blik op die diepliggende impak wat 'n Bybel op 'n individu, 'n gemeenskap en 'n nasie in sy geheel kan hê. Toegang tot die Woord van God stel leraars in staat om meer effektief te preek, bied aan gelowiges die geleentheid om hul geloof te verdiep en gee soekendes die kans om hul weg na Christus te vind. Dankie vir die rol wat jy speel om dit moontlik te maak. Saam baan ons die weg vir die wêreld om Jesus te ken.

"Voordat ek 'n Bybel ontvang het was dit uitdaging om liedere te komponeer. Ek het net na die prediker geluister, huis toe gegaan, die woorde onthou en die liedere gekomponeer. **Noudat ek 'n Bybel ontvang het kan ek op my eie tyd lees en die liedere daaruit komponeer**. Ek is so dankbaar dat ek die Bybel as geskenk ontvang het."

– Offrey Chitale, leier van 'n kerkkoor in Zambië







"Ek wil dankie sê vir hierdie Bybel wat na my gestuur is sodat ek kan evangeliseer. Die Bybel leer ons hoe om voor te berei vir die huwelik. In I Korintiërs word daar vir ons gesê hoe om mekaar lief te hê. Dit leer ons hoe om geestelik te groei. Danksy hierdie onderrig groei ons jeug. Ons is so bly. So, so bly. **Ons het nou vlerke, en ons kan vlieg!** Dit is 'n groot seën in ons lewens."

– Dólica Binda, ontvanger van 'n jeug-Bybel in Mosambiek














"Die meeste van die mense hier leef in armoede. Hulle kan dit nie bekostig om Bybels te koop nie; so mense is honger vir die Woord van God. As die leraar gepreek het en vir ons gevra het om die Bybel oop te maak, was dit moeilik vir mense, want hulle het nog nooit een gehad nie. As jy gesê het Lukas, het hulle nie geweet of Lukas in die Ou of die Nuwe Testament is nie. So, ons het baie gebaat by die Bybels wat uitgedeel is. Ek glo dat ekself ook as leraar daarby sal baat om hierdie kerk te lei **sodat die kerk kan voldoen aan die opdrag om dissipels regoor die wêreld te maak.**"



– Pastor Harris Nsele, 'n kerkplanter in Suid-Afrika

"Ek is so dankbaar, want ek het nie 'n Bybel gehad wat ek met my vriende kon deel nie, maar Harvesters het vir my 'n Bybel en 'n [pamflet] gegee wat my sal help om die Skrif beter te verstaan. Ek dank God opreg hiervoor, want **ek gaan dit deel met my vriende en familie wat niks van weet van Jesus nie**. Ek gaan preek en hierdie Woord van God deel."

– Joseph Mafatle, 'n evangelis in Lesotho





"[Gelowiges in hierdie land] is opreg opsoek na redding. Maar baie mense het gode wat in hul denke leef wat nie regtig die Bybelse God of Jesus is nie. So, **hulle het 'n Bybel nodig sodat hulle die Skrif kan lees en kan weet wie Jesus regtig is** en watter verwagting ons van Hom behoort te hê. 'n Bybel, die waarheid, die Skrif is so belangrik vir hierdie gelowiges."

– 'n Leraar in 'n vervolgde kerk in Oos-Asië

"Ek is vandag so bly, want voorheen het ek gesukkel. As ek kerk toe gegaan het en iemand het uit die Bybel gelees, het ek nie geweet waarvan hy of sy praat nie. So, ek wil God bedank, want ek het nou sy genade gesien en nou het ek die Woord van God. Nou kan selfs ek preek; ek kan onderrig gee. Ek kan nou enige iets vir God doen. So, ek wil graag die borge van Harvesters daarvoor bedank dat hulle van my onthou het. Ek het maar net laas Sondag verlossing ontvang, maar **jy kan sien hoe lief die Here my het!**"

– Leonardo Pierro, 'n nuwe gelowige in Kenia.










# Ervaar saam met Harvesters die vreugde daarvan om 'n Bybel te plaas!

Om van Harvesters se kerke in van die mees versteekte en mooiste plekke te besoek om persoonlik Bybels af te lewer het diepliggende vervulling en versterking tot gevolg. Jy sal die geleentheid hê om nuut geplante kerke te besoek, te bid vir mede-gelowiges en om vir iemand hul heel eerste Bybel in die hand te gee. As jy en jou kerk belangstel daarin om Bybels te borg en by ons aan te sluit vir 'n Bybelplasing, kan jy ons vandag nog kontak.



# Die Visie van 'n Blinde Man



In die uitgestrekte landelike gebied rondom die Zambezi-Rivier het ons 'n man teëgekom wie se getuienis ons verstom het. Leraar Paul Kamboi is blind, maar die Here, wat veel groter is as enige fisiese beperkinge, gebruik hom op 'n kragtige manier.

Alhoewel sy oë dalk nie die wêreld om hom kan waarneem nie, ken Leraar Paul se geestelike visie geen perke nie. "Ek kan sien," sê hy, vol oortuiging, en met 'n breë glimlag. "Dis net die fisiese liggaam wat blind is; geestelik kan ek sien."

Paul het in 1980 die uitsonderlike roeping van die Here ontvang om Sy werk te doen. Ten spyte van 'n gebrek aan formele onderrig, het Paul hierdie roeping aanvaar, en sedertdien oortref hy homself daarin. Hy kan nou terugkyk na 'n nalatenskap van 20 jaar en 20 kerke wat geplant is – 'n getuienis van sy vreugdevolle gewilligheid en die buitengewone krag van God.

Leraar Paul het onlangs saam met Harvesters Ministries, 'n nuwe hoofstuk begin. By die onlangse "Kick-Off" geleentheid in Lukulu, Zambië, het hy die geleentheid om sy bediening deur pastorale en kerkplantingsopleiding uit te brei met ope arms aangegryp. "Om dissipels op te lei sal my werk laat [verder] gaan," het hy gesê. "Dit is my hartklop."




**Harvesters**
**MINISTRIES**

**www.harvestersministries.com**

Telefoon: **021-300-5629**
E-pos: **info@harvestersministries.com**
Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes , 7130**

Harvesters Ministries is 'n Geregistreerde Nie-Winsgewende- en Openbare Weldaadsorganisasie Organisasie (NPO en PBO).

## Dissipelmakers

Ons het 'n nuwe weergawe van ons suksesvolle Dissipelmakers-kursus bekendgestel, wat ontwerp is om kerke met dissipelskap en groei te ondersteun. Ons loof die Here vir hierdie sukses. Na aanleiding van vyf-en-twintig jaar se ondervinding en sukses met ons evangelisasie, kerkplanting, leraar opleiding en dissipelskapstrategieë in meer as 87 lande, kom hierdie kursus terug na die basiese Bybelse beginsels. Die fokus is op die boodskap en metodologie van Jesus om die wêreld met die evangelie te bereik.

As jy meer wil leer oor die Dissipelmakers-kursus of ons wil nooi om dit by jou kerk te kom aanbied, kontak ons vandag nog.

## Help om die *weg te baan* sodat die wêreld Christus kan leer ken

Elke R 3 800 wat ingesamel word sal ons in staat stel om ...

- ☑ 'n leraar op te lei
- ☑ 3 kerke te plant
- ☑ 'n Bybel te voorsien
- ☑ ongeveer 300 mense te bereik en van hulle dissipels te maak.

**Maak vandag 'n blywende verskil deur te gee!**

**Baie dankie.**

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:
Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnommer: 4075041297,
Takkode: 632005
Verwysing: "NE0824AFEM"+[jou naam]

Ander opsies om 'n bydrae te maak:
**GEE AANLYN** via ons webblad OF volg die QR kode om via Zapper of Snapscan te gee:

zapper

SnapScan